# Afrikaans

## WEEK 8

## DINSDAG

## Graad 5

Bron: Almal verstaan Afrikaans( MacMillan)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SPEL: Y/EI-WOORDE

## Leer die woorde en skryf 'n spel toetsie.

1) altyd
2) heilige
3) partykeer
4) ontbyt
5) fyn




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SOEKLEES: Soeklees die instruksies vir die antwoorde op die vrae wat volg:

**Maak 'n vlieër**




**Stap 1:** Kry twee sterk, dun bamboeslatte (of ander sterk, ligte houtstokke) en maak 'n kruis daarmee. Jou vlieër se grootte kan wissel van 30 cm tot 1 m hoog, maar die dwarslat moet omtrent driekwart die lengte van die vertikale lat wees.



**Stap 2:** Maak die latte met tou, vislyn of dun draad aan mekaar vas op die plek waar die latte mekaar kruis. Maak 'n lus met die twee punte van die lyn of draad, sodat jy later die "toom" van jou vlieër daaraan kan vasmaak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**Stap 3:** Maak gaatjies deur die punte van elke lat met 'n boor of 'n els. Maak 'n lang stuk lyn of tou aan die bopunt vas en ryg dit dan deur die verskillende gaatjies sodat dit 'n diamantvormige raamwerk vir die latte vorm. Maak dit stewig aan die bopunt van die "diamant" vas, waar jy 'n tweede lus vir die "toom" maak.



**Stap 4:** Die raamwerk moet stewig wees, maar die latte moenie gebuig wees nie. Lê die raamwerk op koerant- of bruin papier neer, knip al in die rondte en laat 'n "kantlyn" van 2 tot 3 cm. Vou die kante bo-oor die lyn en plak met kleeflint of koue lym vas.



**Stap 5:** Versterk die papier aan die buitekant op die plek waar die twee latte kruis, met kleeflint of maskeerband. Sny 'n gaatjie in die papier. Trek die lus in die middel van die vlieër daardeur. Maak die een punt van jou "toom" daaraan vas en die ander punt aan die lus aan die bopunt. Maak nog 'n lus aan die onderpunt om 'n stert aan jou vlieër te heg.

**Stap 6:** Jy kan jou vlieër met plakkaatverf versier.

**Stap 7:** Vir die stert kan jy stukke lap aan 'n tou bind of 'n ketting van papierrosette maak. Die reël is dat die stert se lengte minstens ses keer die breedte van die vlieër moet wees.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VRAE:

- 1) Hoeveel stappe word in die teks aangedui?
- 2) Wat is die doel van die teks en wie is die teiken groep?
- 3) Waar sal jy bamboeslatte of ligte houtstokke in die hande kry?
- 4) Hoe lank moet die latte wees?
- 5) Hoe groot moet die papier geknip word?
- 6) Wat is die reël vir die lengte van die stert?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1)  Daar is 7 stappe.
- 2) Die doel is om iemand te wys om sy eie vlieër te bou. Die teikengroep is jong kinders.
- 3)Jy sal bamboeslatte kry in die tuin, langs ’n stroompie, in die veld, in ’n parkie.
- 4) Die lengte van die twee latte maak nie saak nie solank die die dwarslat driekwart die lengte van die vertikale lat is.
- 5) Die papier moet aan alle kant 2-3cm groter as die voltooide raamwerk wees.
- 6) Die stert moet minstens 6 keer die breedte van die vlieër wees.

Laerskool Mikro Kopiereg ©



# TAALLEER:

Beantwoord taalvrae:

**1) <u>Rangskik die volgende eiename alfabeties:</u>** 1) da Vinci, Leonardo

2) Parkes, Andrew 3) Suid-Afrika 4) Italiaanse

## SAAMGESTELDE SINNE:

’n **Saamgestelde sin** het een of meer gesegde. Dit bestaan uit ’n **hoofsin** wat uitgebrei word deur **bysinne.** ’n **Bysin** het ’n gesegde(werkwoord); bepalings het nie. ’n Bysin word gewoonlik deur wat, waarop of waarin ingelei, of voegwoorde soos dus, daarom, want, maar, omdat ens.

**2) Skryf die sinne oor en onderstreep die hoofsin in elkeen**.

a) Mensgemaakte plastiek, waarvan die hoofgrondstof steenkool is, is deur Alexander Parkes ontdek.

b) Ons bou vlieërs omdat ons dit wil laat vlieg.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1) da Vinci, Leonardo; Italiaanse; Parkes, Andrew; Suid-Afrika
- 2a) Mensgemaakte plastiek-hoofsin
- b) Ons bou vlieërs-hoofsin



Laerskool Mikro Kopiereg ©